### *Die geestelike ontwikkeling van die mens*

**217** "Soos wat dit met die plante gaan, so gaan dit ook met die diere en veral met die mense.

[2] Neem nou eers `n jong meisie wat fisiek vroegryp is. Sy is skaars twaalf jaar oud, maar haar hele liggaam is al so gevorm dat sy soos `n hubare meisie daar uitsien. So `n meisie bekoor dan elke ietwat wellustige man meer as `n honderd net sulke mooi meisies van ryper leeftyd. So `n vroegryp meisie staan liggaamlik aan honderde gevare blootgestel, en haar ouers sal baie moet oppas om hul te vroeg rypgeworde dogter teen alle vyande te bewaar wat haar vanweë haar groot aantrekkingskrag sal agtervolg. As sy te vroeg aan `n wellustige man uitgehuwelik word, kan sy maklik haar vrugbaarheid verloor. As sy te veel opgesluit en weggehou word van alle kwade begeertes, word haar liggaam so te sê papperig. Sy word bleek, kwyn weg en word selde oud. Gee `n mens haar te min om te eet, en geen vet etes nie, dan word sy treurig en kwyn uiteindelik ook vroeg weg; as `n mens haar goed te ete gee, word sy nog vetter en meer onbeholpe en daardeur traag, sodat haar bloed weldra afbreek en sy soos `n lyk daar uitsien, en daardeur sal haar liggaam sekerlik vroeg moet sterwe.

[3] So gaan dit ook met `n te voortydige, oordrewe geestelike ontwikkeling. As kinders met dikwels geringe talente ter wille van hul studies so streng behandel word asof die wêreld daarvan sou afhang, dan word sulke siele mat, omdat hulle vroeër geen tyd gehad het om hul liggaam so te ontwikkel dat dit onder alle omstandighede bruikbaar is nie!

[4] Daarom het alles volgens die orde van Elohim sy tyd nodig en nêrens kan `n mens `n semester oorslaan nie.

[5] Tydens die liggaamlike geboorte uit die liggaam van die moeder word die ewige lewenskiem as `n vonkie van die suiwere Gees van Elohim in die hart van die siel gelê, net soos by die vrug van `n plant wanneer dit die blom afgegooi het en sy haar begin bewapen en beskerm. As die liggaam eenmaal ontwikkel is, dan begin die ontwikkeling van die gees in die hart van die siel. Die siel moet dan alles doen om die gees in haar te laat ontkiem en moet hom daarmee ‘n helpende hand bied.

[6] Die siel is dan die wortel en die halm, en die liggaam die aarde; sy moet die gees geen onsuiwer water as voedsel gee nie.

[7] Die ringe, deur die gees aangelê, is die selfverloëning vir die siel. As die laaste ring eenmaal gelê is, ontwikkel die gees hom verder self en neem alles wat in die siel aan hom verwant is, in homself op, beveilig dit en neem ten laaste die hele siel en wat in die liggaam aan die siel verwant was, in hom op en is dan vir ewig heeltemal onverwoesbaar, soos wat ons die verloop ook byna by elke plant min of meer goed kan waarneem.

[8] As die vrug op die normale weg byna volryp geword het, word lewenskiemvonkies geplaas in die saadjies wat in haar opgeberg lê in tere, reeds voorbereide hulsies; dan sluit die kern haar gedurende enige tyd heeltemal af van die ander deel van die vrug en beveilig haar in haarself, maar gebruik daarby tog steeds vir die helfte die lewenseter van haar omringende vrug.

[9] Na verloop van tyd begin die buitenste vrug te verskrompel en te verdroog. Waarom is dit? Omdat haar siel algeheel oorgaan in die lewe van die kiemgees in die kern. En as die lewenskrag van die vrug uiteindelik heeltemal oorgegaan het in die lewensgees van die kiem, dan word die vroeëre heeltemal lewende halm in al sy stadia droog en dood. Maar eers het al die lewe van die plant hulle met die kiemlewe tot één lewe verenig en kan so nooit vernietig word nie, hetsy dit nou met die materie van die kern verbonde is of nie.

[10] En so sien jy steeds dieselfde orde orals in alle dinge en in dieselfde stadia."

### *Siel en liggaam*

**218** **Cyrenius** sê: "Meester, vergeef my, hier moet ek iets tussenin vra! Wat gebeur daar dan met die kiem van die koring as dit tot meel gemaal en vervolgens tot brood gebak en daarna geëet word? Leef die lewenskiem in hierdie stadia nog steeds aan?

[2] Ek sê: "Sekerlik; want as jy die brood eet, word die materie van die meel weldra weer langs die natuurlike weg uit die liggaam verwyder, maar die kiemlewe gaan dan deur sy geestelike vorm dadelik in die lewe van die siel oor en word volgens sy ooreenstemmende geaardheid, één met haar. Die meer materiële van die lewenskiem, wat haar altyd, soos wat die Mosaïese water by die Gees van Elohim, as soliede ondergrond dien, word voedsel vir die liggaam en gaan uiteindelik, as dit na behore gesuiwer is, ook in die siel oor. Dit dien haar tot vorming en voeding van die organe van die siel, soos haar ledemate, haar hare ensovoorts en verder vir die vorming en voeding van dit alles wat jy van a tot z aan `n menslike liggaam vind.

[3] Dat `n siel uit al dieselfde dele as die liggaam bestaan, daarvan kan jy jou by die engel Rafael, wat

aan ons tafel sit en nou met Josoë praat, meer as tasbaar oortuig. (Ek wend My na die engel:) Rafael kom hierheen, en laat jou deur Cyrenius betas!"

[4] Die engel kom, en **Cyrenius** betas hom en sê: "Ja, ja, dit is suiwer natuur en so te sê duidelik materie! Hy het helaas net soos ons alle ledemate en dieselfde vorm as ons, alles is net baie edeler, sagter en heelwat mooier; want die sjarme van sy gelaat is, kan mens wel sê, onoortreflik stralend mooi! Dit is sekerlik geen meisiegesig nie, maar `n manlike gesig, met ernstige trekke, maar tewens tog mooier as die mooiste meisiegelaat! Ek het my voorheen egter veels te min oor hierdie lid van ons geselskap bekommer. Hy word bepaald steeds mooier, hoe langer ek hom bekyk. My hemel, dit is egter baie vreemd! (Tot die engel sprekend:) Luister hier, pragtige mooie engel, voel jy ook liefde in jou mooie bors?"

[5] **Die Engel** sê: "O ja; want my geestelike liggaam is gelyk aan die goddelike Wysheid, en my lewe is die Ewige Liefde van JaHWeH Elohim. En omdat my lewe suiwer liefde is, moet ek die liefde tog ook voel, omdat my lewe self maar net suiwer liefde is.

[6] Hoe kon U, as so `n wyse man, my nou so iets vra? Kyk, wat JaHWeH Elohim Self ewig was, is en ewig sal bly, dit moet ons tog ook wees, omdat ons algeheel uit Hom en sodoende ook volledig in alles Sy wese is. Soos wat ‘n straal van die son ook algeheel dieselfde is en self doen soos die son! As dit nou so is, waarom dan die vraag?!"

[7] **Cyrenius** sê: "Ja, ja, dit is heeltemal in orde, en ek sou dit ook wel sonder jou verklaring geweet het; maar ek moes jou tog iets gevra het om die klank van jou stem te kan hoor. Maar nou is ons klaar met mekaar en jy kan weer na jou plek toe gaan!"

[8] **Die Engel** sê: "Dit kan u nie, maar slegs die Meester my beveel!"

[9] **Cyrenius** sê: "Vriend, dit lyk vir my dat jy by jou skoonheid, wysheid en liefde nog aardig koppig en eiesinnig is!?"

[10] **Die Engel** sê: "O sekerlik nie! Maar sterflikes kan en mag my geen voorskrif gee nie; want ek self is `n meester en laat my deur niemand iets voorskryf nie. My ‘ek’ is nou, afgesien van die feit dat ek volledig in alles uit Elohim is, `n volmaakte self-standige ‘ek’! Bowendien hoef ek nie soos die mense van hierdie wêreld vir iets te vrees nie, want daarvoor het ek `n mag en krag waarvan u nog nooit gedroom het nie. As u dit egter van naderby wil leer ken, vra dan maar eers vir die hoofman Julius en my leerling Jarah en ook die leerlinge van die Meester; hulle sal u wel iets daaroor kan vertel!"

[11] **Cyrenius** sê: "Meester, wil U tog maar vir hom sê dat hy weer na sy plek toe moet gaan, anders begin ek werklik baie bang vir hom te word; want met hom sou ek geen kerse gaan eet nie! Hy word steeds growwer en meer opgewonde, en daar is met hom ondanks al sy skoonheid niks aan te vang nie."

[12] **Ek** sê aan die engel: "Nou, gaan dan maar weer na jou plek!" - En die engel volg oombliklik my aanwysing op en gaan weer na sy ou plek. Cyrenius is bly daaroor, want hy het werklik baie bang vir die engel geword.

[13] Dadelik daarna vra Johannes en Matthéüs My of hulle dit alles moet opskryf.

[14] **Ek** sê: "Dit kan julle vir julleself doen, maar vir die volk hoef julle dit nie op te skryf nie, want hulle is nog so `n tweeduisend jaar te jonk om dit te ver-staan. `n Mens moet nooit die pêrels voor die swyne gooi nie, omdat hulle nie weet om die kos te onderskei van die slegste varkvoer nie. Maar vir julle en vir `n paar ander kan julle dit in elk geval wel opskryf."

[15] En beide leerlinge doen dit ook met bypassende beeldtekens ter onderskeiding van dit wat hulle volgens My opdrag met gewone Hebreeuse letter-grepe opgeskryf het.